

# AURORA® 40 WG



SOUTH AFRICA Registration Number/Registrasie Nommer L6794, Act No. 36 of 1947/Wet  
36 van 1947

NAMIBIA Registration Number/Registrasie Nommer N-AR 2069

**READ THE LABEL BEFORE USE  
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS**

<b>GROUP/GROEP</b>	<b>14</b>	<b>HERBICIDES</b>	<b>ONKRUIDDODERS</b>
--------------------	-----------	-------------------	----------------------

A water dispersible granule herbicide for post-emergent control of broadleaved weeds in wheat and barley in the Western, Southern and Eastern Cape and as directed in orchards, vineyards and other crops as listed.

'n Water disperseerbare korrel onkruidodder vir na-opkoms beheer van breë blaaronkruid in koring en gars in die Wes-, Suid- en Oos Kaap en soos aangedui in boorde, wingerde en ander genoemde gewasse.



**HAZARD STATEMENTS:**

Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

**PRECAUTIONARY STATEMENTS:**

**Prevention:**

Avoid release to the environment.

**Response:**

Collect spillage.

**Disposal:**

Dispose of contents/ container to an approved waste disposal plant.

**WARNING**

**Active ingredient**

Carfentrazone – ethyl (Triazolinone) - 400 g/kg

**Aktiewe bestanddeel**

Karfentrasoon-etiel (triasolinoon) – 400 g/kg

**Net Volume**

**100g**

**Netto Volume**

**REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER:**

FMC Chemicals (Pty) Ltd  
Company Registration Number: 1988/001451/07  
West End Office Park  
Building C  
Cnr West Ave & Hall Street  
Centurion, 0014  
Telephone number: +27 (76) 875 4432  
[www.ag.fmc.com/za/en](http://www.ag.fmc.com/za/en)

**Batch Number**

**Date of Manufacture**

**Expiry Date**

**Printed on Container**

**Printed on Container**

**2 Years from date of  
Manufacture**

**Lot Nummer**

**Datum van Vervaardiging**

**Vervaldatum**

**UN Number/VN Nommer**

**3077**

**For any emergency or poisoning contact: Griffon Poison Information  
Centre (24 hrs)  
Vir enige noodgeval of vergiftiging kontak Griffon vergiftiging  
Inligtingsentrum (24 hr)**

**+27-(0)-82-446-8946**

## WAARSKUWINGS:

### GEVAARSTELLINGS:

Baie giftig vir waterlewe met langdurige effekte.

- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Vermoë kontak met vel en oë.
- Stoor in 'n koel, droë plek, in die oorspronklike houer, dig verseël.
- Stoor weg van voedsel en voer.
- Uiteers giftig vir visse.

### VRYWARING:

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiket aanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

### VOORSORGMATREËLS:

#### VOORSORGSTELLINGS:

##### **Voorkoming:**

- Vermoë vrystelling na die omgewing.

##### **Reaksie:**

- Versamel gemorste produk.

##### **Verwydering:**

- Gooi inhoud/houer weg in 'n goedgekeurde herwinnings-aanleg.

- Uiteers gevaarlik vir vis of waterlewe. Moenie water-oppervlaktes of riviere en spruite kontamineer met chemikalieë of gebruikte houters nie. Bewaar slegs in oorspronklike houer, weg van voedsel, drank en veevoer.
- Was konsentraat onmiddellik van vel en oë / met groot hoeveelheid skoon water.
- Vermoë kontak met mond.
- Dra geskikte beskermende klere (oorpakke), gesigskerm en geskikte beskermende handskoene tydens hantering van die konsentraat.
- Moet nie rook, drink of eet tydens gebruik van produk nie.
- Verhoed wegdrywing van spuitstof na aangrensende gewasse, weidings, riviers of damme.
- **Direkte kontak van sproei of spuitnewel met blare, vrugte en/of onvolwasse bas van bome, wingerdstokke of nie-teiken aangrensende plante kan lei tot ernstige gelokaliseerde of getranslokeerde skade.**
- Was spuittoerusting deeglik na gebruik (kyk onder skoonmaak van spuittoerusting).
- Moenie dieselfde spuitapparaat vir blaarbespuitings gebruik nie (boorde en wingerd).
- **Wegdoen van Produk en leë houters**
  - Houters en verpakkings moet heeltemal leeggemaak word voordat dit vernietig word.
  - Moet nie houters vir enige doel hergebruik nie.

## GEBRUIKSBEPERKINGS

- Gebruik **AURORA® 40 WG** slegs in 'n tenkmengsel met die produkte wat op hierdie etiket aanbeveel word.
- Moet nie met 'n vliegtuig toedien nie.
- Moet nie **AURORA® 40 WG** toedien op gewasse onder stremming van droogte, versuip-toestande, koue, insek-skade of siektes, voedings- of kalktekorte of ander faktore wat plantegroei inhibeer nie.
- Moenie **AURORA® 40 WG** toedien op graan onder gesaai met peulgewasse, klawers en weidingsgewasse nie.
- Moet onder geen omstandighede die ongebruikte spuitmengsel oornag laat staan nie.
- Moenie **AURORA® 40 WG** + MCPA 400 SL toedien op 'n gewas met yl stand nie. In die geval waar met 'n planter geplant is, moet **AURORA® 40 WG** altyd in kombinasie met MCPA 400SL + 'n goedgekeurde formulering van metsulfuron-methyl (nm. ALLY® 20 DF, BRUSH-OFF® ) of GLEAN® 75 DF toegedien word. Gewas kompetisie is noodsaaklik vir optimale onkruidbeheer met **AURORA® 40 WG** + MCPA 400 SL.
- Volle aandag moet geskenk word aan die gebruiksbepelings van ALLY® 20 DF, BRUSH-OFF® GLEAN® 75 DF, MCPA 400 SL en ROUNDUP®/MAMBA® 360g/l SL en MAMBA MAX 480SL.

## MINIMUM OPVOLGGEWAS TUSSENPOSES EN RIGLYNE VIR GEWAS ROTASIE

Daar is geen beperking op die plant van enige opvolg gewas of gewas rotasie na **AURORA® 40 WG** toediening nie. Alle gewasse mag 1 maand na toediening gesaai word. Volle oorweging moet geskenk word aan die minimum opvolggewas tussenposes en gewas rotasie riglyne van ALLY 20 DF en GLEAN 75 DF.

## AANGRENSENDE GEWASSE

**AANGESIEN SEKERE NIE-TEIKEN GEWASSE GEVOELIG IS VIR AURORA 40 WG MOET DIE WEGDRYF VAN DIE SPUITMENGSEL NA BRÛ BLAARPLANTE BUIE DIE TOEDIENING SAREA VERMY WORD. RAADPLEEG DIE ROUNDUP®/MAMBA® 360G/L SL ETIKET VIR GEBRUIKSBEPERKINGS EN VOLG ALLE AANBEVELINGS VIR GEBRUIK WANNEER HIERDIE TENKMENGSEL GEBRUIK WORD.**

## GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

### ALGEMENE INLIGTING

- Dien **AURORA® 40 WG** toe op jong, aktief groeiende onkruid wat groei in klam grond vir beste resultate.
- Onkruid wat onder stremmingstoestande groei mag minder gevoelig wees vir **AURORA® 40 WG**.
- **AURORA® 40 WG** skroei die blare van teiken onkruid vinnig. Finale terugsterf van onkruid mag wissel volgens onkruid spesies en heersende toestande.
- Dien slegs toe op die gewas in die aanbevole stadium van ontwikkeling soos aangedui.
- Dien slegs toe op 'n egalige gewas stand en vermy areas met min. of geen kompetisie effek van die gewas.
- Kousbalk toediening mag vergeling en blaarskroei vererger.
- Wanneer alkaliese en/of hardewater voorkom voeg 'n geskikte buffer teen die etiket aanbevelings by die tenk om 'n ideale pH van 5 tot 7 te kry.

**Boorde en wingerd (meerjarige) gewasse** (byvoorbeeld: sagtevrugte, tafel- en wyndruiwe, sitrus, koffie, olyf, makadamia neut, pekan neut, avokado, mango, piesang, papaja, koejawel, lietsjie, kiwivrugte, amandel neut, granadilla, hops, Aloe, tee, kweper)

- Dien **AURORA 40WG + ROUNDUP®/MAMBA®** toe op aktief groeiende onkruid en verseker deeglike bedekking veral op groter, meer volwasse onkruid.
- Eenjarige onkruid wat moeilik is om te beheer moet in vroeë lente as 'n voor-blom behandeling gespuit word.
- Wanneer alkaliese en/of hardewater voorkom voeg 'n geskikte buffer teen die etiket aanbevelings by die tenk vir 'n ideale pH van 5.
- **Direkte kontak van sproei of spuitnewel met blare, vrugte en/of onvolwasse bas van bome, wingerdstok of nie-teiken aangrensende plante kan lei tot ernstige gelokaliseerde of getranslokeerde skade.**

## ONKRUID WEERSTANDBESTUUR

**AURORA® 40 WG** is 'n lid van die triasolinoon onkruidodders groepkode 14 wat onkruid beheer deur die proses van membraan versteuring aangehelp deur PPO (Protoporfierien oksigenase) inhibisie. Weerstandbiedende onkruid vermeerder natuurlik wanneer onkruidodders met dieselfde meganisme van werking vir verskeie jare agtereenvolgens op dieselfde onkruid spesies toegedien word. Die onkruid biotipes met weerstand teen 'n spesifieke meganisme van werking oorheers mettertyd en onkruidodders met dieselfde meganisme van werking is nie meer doeltreffend en in staat om die weerstandbiedende onkruid te beheer nie. Verhoed die ontwikkeling van weerstandbiedende biotipes deur die afwisseling in gebruik van produkte met verskillende meganismes van werking of die gebruik van onkruidodders met verskillende meganismes van werking wat 'n spesifieke onkruid beheer in 'n tenkmengsel. Aangesien dit moeilik is om die verskyning en teenwoordigheid van **AURORA® 40 WG** weerstandbiedende onkruid te voorspel tydens toediening is dit uiters belangrik dat alle lande gereeld ondersoek moet word om die ontstaan van weerstand vroegtydig vas te stel. Indien bostaande voorsorgmaatreëls nie nageset nagekom word nie kan FMC geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige verliese as gevolg van die onvermoë van **AURORA® 40 WG** om hierdie weerstandbiedende onkruid te beheer nie.

## VERENIGBAARHEID

Gebruik **AURORA® 40 WG** slegs in 'n mengsel met die produk wat op hierdie etiket aanbeveel word.

Moenie **AURORA® 40 WG** met grasodders vir gebruik in kleingraan meng nie.

Grasodders moet nie binne 7 dae na 'n **AURORA® 40 WG** bespuiting toegedien word nie.

Die verenigbaarheid van **AURORA® 40 WG** is nog nie ten volle vasgestel nie. Moet nie met ander insekdodders, onkruidodders of swammiddels meng sonder om die voorsiener vooraf te raadpleeg nie. Moenie **AURORA® 40 WG** meng met benattingsmiddels of olie nie ( in kleingraan gebruik).

Slegs tenkmengsels met enkel chemikalieë (behalwe soos aangedui) word aanbeveel, aangesien meervoudige mengsels onkruid beheer sal verlaag.

Wanneer **AURORA® 40 WG** + MCPA 400 SL toegedien word: maak slegs tenkmengsels met die insekdodders Dimet® of Folimat®, die swammiddels Punch C® of Practis®, die blaarvoedingsmiddels Mantrac® of Mancozin® SC.

**AURORA® 40 WG** + MCPA 400 SL + ALLY 20 DF of BRUSH-OFF® of GLEAN 75 DF moet nie in tenkmengsels met ander chemikalieë gebruik word nie.

**AURORA® 40 WG** + ROUNDUP®/MAMBA® 360 g/l SL/ MAMBA MAX 480SL: gebruik slegs soos aanbeveel in boord en wingerd gewasse soos genoem: verwys na die ROUNDUP®/MAMBA® en MAMBA MAX 480SL etikette.

## MENGINSTRUKSIES

Maak die spuittenk halfvol met skoon water. Begin roer. Voeg die aanbevole hoeveelheid produk geleidelik in die spuittenk (voorafvermenging is nie nodig nie). Vul tenk met skoon water tot die verlangde volume spuitmengsel terwyl voortdurend geroer word en wag tot produk deeglik vermeng is voor toediening. Verseker deeglike roering van die spuitmengsel ten alle tye totdat die spuittenk leeg is.

Vermeng slegs genoeg materiaal om dadelik toe te dien. Die menginstruksies van die produkte wat saam met **AURORA® 40 WG** gebruik word moet nagekom word.

Waar **AURORA® 40 WG** met ROUNDUP®/MAMBA® 360 g/l SL / MAMBA MAX 480SL gemeng word moet die volgorde teenwoordig wees: buffer, AURORA 40WG, ROUNDUP®/MAMBA®, bevorderingsmiddel (Penetrex of NPX Humectant), newelbeheermiddel.

## TOEDIENINGSMETODES

### Slegs grondtoediening:

**AURORA 40 WG** het slegs 'n kontakwerking. 'n Deeglike, eweredige bedekking is dus nodig op die teiken plante.

### Koring en gars

- Gebruik 'n trekker gemonteerde balkspuit wat korrek gekalibreer is om ten minste 200 liter spuitmengsel per hektaar en 'n maksimum van 400 liter per hektaar teen 'n konstante spoed en druk (100 - 200 kPa) te lewer en eweredige verspreiding te verseker.
- Vermy oorvleueling van spuitbane en sluit die spuitpunte af tydens aanskakeling, stadige beweging, stilstand en wanneer gedraai word om oormatige toediening te voorkom.

## Boorde en wingerd (meerjarige) gewasse

- Dien toe met 'n rugsakspuit of geskikte gemotoriseerde toediener met beskermde spuitkoppe en maak gebruik van lae druk (100 – 200kPa) en/of laenewelspuitkoppe om die risiko van spuitnewel te verminder.
- Die gebruik van spuitkoppe met 'n groter openings verseker groter druppels wat bedekking en effektiwiteit verbeter en beperk potensiaal vir spuitnewel wegdrywing.
- Gedurende toediening met 'n gemotoriseerde apparaat, moet 'n spoed van 5 kph nie oorskry word nie.
- Moenie in windsnelhede van meer as 10 kph spuit nie.
- Verhoed toediening gedurende toestande van temperatuur inversie.
- Dien toe in ongeveer 200 liters spuitmengsel per hektaar en verseker deeglike bedekking van die onkruid.
- **Dit is die verantwoordelikheid van die toediener om te verseker dat spuitmengsel/newel nie in aanraking met nie-teikenplante of gewasse kom nie.**

## TOEDIENINGSHOEVEELHEDE – koring en gars

gewas	Dosis/ha	Opmerkings
<b>Koring</b> ( <i>Triticum aestivum</i> )	25 g <b>AURORA® 40 WG</b> + 500 ml MCPA 400 SL <b>of</b> 25 g <b>AURORA® 40 WG</b> + 500 ml MCPA 400 SL + 12.5 g ALLY® 20 DF <b>of</b> 25 g <b>AURORA® 40 WG</b> + 500 ml MCPA 400 SL + 3.5 g BRUSH-OFF® WG <b>Of</b> 25 g <b>AURORA® 40 WG</b> + 500 ml MCPA 400 SL + 15 g GLEAN® 75 DF	Na-opkombespuiting wanneer koring en gars tussen stadia 7 en 13 is volgens die lys van groeistadia van die LNR Kleingraaninstituut, Bethlehem. Toediening moet nie later as 6 weke na opkoms van onkruid plaasvind nie. Dien toe op gars in die 5-6 blaar stadium.

## ONKRUIDE BEHEER

Die volgende onkruid word onder normale toestande deur **AURORA® 40 WG** + MCPA 400 SL of **AURORA® 40 WG** + MCPA 400 SL + ALLY 20DF of **AURORA® 40 WG** + MCPA 400 SL + BRUSH-OFF® WG of **AURORA® 40 WG** + MCPA 400 SL + GLEAN 75DF beheer indien toegedien teen die voorgeskrewe dosis.

### Botaniese Naam

Anagallis arvensis  
Emex australis  
Erodium moschatum  
Fumaria muralis  
Galium spurium  
Malva parviflora  
Pentzia suffruticosa  
Polycarpon tetraphyllum  
Raphanus raphanistrum

### Gebruiksnaam

Pimpernel  
Kaapse dubbeltjie  
Turksnael  
Duiwekerwel  
Kleefkruid  
Kiesieblaar  
Klein stinkruid  
Naaldvrug  
Ramenas

### BELANGRIKE OPMERKING:

Onkruid wat na die toediening van AURORA 40 WG + MCPA 400 SL tenkmengsel ontkiem sal nie beheer word nie.

## TOEDIENINGSHOEVEELHEDE - Boorde en wingerd (meerjarige) gewasse

gewasse	Dosis/ha	Opmerkings
<b>Sagtevrugte</b> (Appels, pere, perskes, pruime, nektariens.) <b>Wingerd</b> (tafel-en wyn druiwe) <b>Sitrus</b> <b>Koffie</b> <b>Olyf</b> <b>Makadamia neute</b> <b>Pekaan neute</b> <b>Avocado</b> <b>Mango</b> <b>Piesang</b> <b>Papaja</b> <b>Koejawel</b> <b>Lietsjie</b> <b>Kiwivrugte</b> <b>Amandel neute</b> <b>Granadilla</b> <b>Hop</b> <b>Aloe</b> <b>Tee</b> <b>Kweper</b>	25 g <b>AURORA® 40 WG</b> + 3 l <b>ROUNDUP®/MAMBA® 360 SL / MAMBA MAX 480SL</b> + bevorderingsmiddel  (die byvoeging van 'n geskikte bevorderingsmiddel (Penetrex 0.5% of NPX Humectant 0.25%) sal die kosmetiese effek en snelheid van aksie verbeter)	Dien toe as 'n gerigte tussenry bespuiting vir die beheer van moeilike onkruid soos <i>Malva parviflora</i> , <i>Conyza bonariensis</i> , <i>Urtica dioica</i> wat aktief groei (ideale stadium wanneer die onkruid tussen 10 en 20 cm hoog is). Beskerm jong wingerdstokke / bome / bossies met onvolwasse bas tydens toediening of gebruik 'n beskermende spuitapparaat. Vermy kontak met blare, vrugte en bas. Volg die aanbevelings op die <b>ROUNDUP®/MAMBA® / MAMBA MAX</b> etikette.

### SKOONMAAK VAN TOEDIENER

- Dreineer spuittenk onmiddellik na toediening en spoel die tenk, spuitbalk en pype met skoon water uit. Dreineer tenk weer.
- Vul tenk met skoon water en voeg huishoudelike ammoniak (wat 3% aktief bevat) daarby teen 'n konsentrasie van 1 liter per 100 liter water. Sirkuleer die ammoniak oplossing deur die tenk, spuitbalk en pype vir ongeveer 10 minute. Dreineer heeltemal. Spoel tenk uit met skoon water en deurspoel die spuitbalk en pype om ammoniakoorblyfsels te verwyder. Gebruik ten minste een tiende van die spuittenk volume. Dreineer heeltemal.
- Herhaal uitspoel proses soos hierbo.

### ® of ™ HANDELSMERKE

DIMET, MAMBA is geregistreerde handelsmerke van Dow AgroSciences Southern Africa (Edms) Bpk.  
 FOLIMAT is die geregistreerde handelsmerk van Bayer (Edms) Bpk.  
 MANCOZIN, MANTRAC is geregistreerde handelsmerke van Phosyn SA (Edms) Bpk.  
 PRACTIS is die geregistreerde handelsmerk van Syngenta SA (Edms) Bpk.  
 PENETREX is die geregistreerde handelsmerk van Villa Crop Protection  
 NPX HUMECTANT is die geregistreerde handelsmerk van AKZO Nobel  
 ROUNDUP is die geregistreerde handelsmerk van Monsanto Suid Afrika (Edms) Bpk  
 FMC, ALLY, GLEAN, BRUSH-OFF, AURORA is die geregistreerde handelsmerke van FMC Korporasie